

**Donderdag 23 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 76:1-13**

**Fokusgedeelte: Psalm 76:12**

### **Beoefen jou dankbaarheid teenoor God**

**D**ie Psalms praat direk met die lesers, omdat dit juis handel oor die emosies van mense wat die Here vrees. Dikwels is die Psalms toepaslik op ons eie omstandighede en leer dit ons hoe om in hierdie omstandighede op te tree en te volhard in die geloof.

In ons teks word die gelowiges vermaan in die uitoefening van hulle dankbaarheid. En dit is 'n baie persoonlike boodskap vir elkeen van ons. Die Jode onder die wet het die gewoonte gehad om offers vir die Here te bring om hulle dankbaarheid vir God se seëninge te wys. Deur die offers het hulle erken dat hulle veiligheid alleen in God rus en dat Hy alleen in hulle behoeftes voorsien en hulle onderhou.

In dié Psalm word hulle opgeroep om te volhard in hierdie godsdiensoefening. In vers 12 sê die skrywer die gelowiges moet die Here betaal, hulle moet geskenke aan die Vreeslike bring. Ons moet verstaan wat hierdie “betaal” beteken, want ons weet ons kan geensins bydra tot ons saligheid nie. Nee, die gebruik van offers was juis om dankbaarheid en eer aan God te toon vir dit wat Hy reeds vir sy volk gedoen het. God se genade en verlossing staan altyd eerste.

Wat beteken hierdie “betaal” dan? Die woord word gebruik om standvastigheid te betoon, hulle word vermaan om altyd te getuig van hulle verlossing wat diep in hulle harte vasgestel is.

Die skrywer verwys na die Here as die Vreeslike, omdat Hy verdien om gevrees te word. In sy regverdigheid weet ons dat Hy die sonde sal straf, maar omdat Hy regverdig is, kan ons ook sy genade leer ken. In sy genade is ons verlossing volbring, en daarom moet ons Hom betaal in dankbaarheid.

Volhard in jou dankbaarheid, want die Vreeslike het volhard in jou verlossing!

*Sing: Psalm 76-1:5, 6*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*